

ILÍDIO ROCHA

Portugueses em África: Peregrinos, pícaros e funantes

Portugal: Círculo de Leitores

1994

190 pp.

Prys onvermeld

ISBN 972-42-0890-7

Wanneer 'n Suid-Afrikaanse historikus in die katalogi van Portugese biblioteke rondsnuffel op soek na boeke en tydskrifartikels wat oor Suid-Afrika handel, is daar een naam wat steeds opduik, naamlik dié van dr. Ilídio Rocha. Ilídio José da Rocha is in 1925 in die noorde van Portugal gebore, het Suider-Afrika deurkruis en het 'n geruime tyd in Mosambiek vertoef. Hy was verbonde aan die redaksies van of verslaggewer vir verskeie koerante in Lourenço Marques, Lissabon en Oporto en van sy artikels oor Suider-Afrika verskyn steeds gereeld in die *Jornal de Notícias*, 'n invloedryke koerant in Oporto.

Dr. Rocha is ook die hoofmedewerker van *História*, 'n belangrike vaktydskrif wat in Lissabon uitgegee word. In hierdie tydskrif is talle artikels uit sy pen, wat op Suid-Afrika betrekking het, gepubliseer, byvoorbeeld "Emigrantes portugueses num pais de imigrantes - a Africa do Sul" (*História* 98, Dez. 1986), wat oor die Portugese emigrasie na Suid-Afrika handel, "Os portugueses e os 'boers' do Transval - dois relatórios do tempo dos primeiros contactos (1847 e 1855)" (*História* 113, Out./Nov./Dez. 1988), waarin onder meer aan pater Joaquim de Santa Rita Montanha van Inhambane se besoek aan Schoemansdal aandag gegee word, en "Lourenço Marques e a guerra Anglo-Boer (1899-1902)" (*História* 9(103), Dez. 1987), wat die strategiese belangrikheid van die Mosambiekse hawe tydens die Anglo-Boereoorlog beklemtoon.

Portugueses em África: Peregrinos, pícaros e funantes, vry vertaal *Portugese in Afrika: swerwers, skurke en handelaars*, is vir Suid-Afrikaanse historici van besondere betekenis omdat daarin 'n hele aantal kort hoofstukke voorkom wat direk op ons geskiedenis betrekking het. In die eerste hoofstuk is daar 'n interessante verwysing na 'n Portugese fort wat reeds 'n eeu voor die koms van Jan van Riebeeck aan die Cabo da Boa Esperança opgerig sou gewees het. Elders word na die gebruik van Portugees as die taal van die liefde aan die Kaap verwys - onder meer deur die huwelike tussen koloniste en Portugees-sprekende Oosterse slavinne te beklemtoon en die verhaal van stamvader Ignácio Ferreira en sy Protestantse vrou, Martha Terblans, te vertel. Byna vanselfsprekend word die lewensloop van João Albasini, Portugese visekonsul in die Zuid-Afrikaansche Republiek, redelik uitvoerig beskryf, terwyl pater De Santa Rita Montanha se besoek aan Schoemansdal in 1855-1856 en Fernandes das Neves se reis na Transvaal in 1860 ook die nodige aandag kry. Generaal Joaquim José Machado, die Portugees wat direk met die aanleg van die Delagoabaai-spoorlyn gemoeid was en na wie Machododorp heet, is natuurlik nie onvermeld gelaat nie.

Hoewel die boek in Portugees geskryf is en daarom vir die meeste Suid-Afrikaners redelik

ontoeganklik is, is dit 'n publikasie wat nie deur historici wat in die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Portugal belangstel, geïgnoreer kan word nie. Veral diegene wat 'n belangstelling in die vroeë Transvaalse geskiedenis het, word sterk aangeraai om van hierdie boek, maar ook van die talle tydskrifartikels uit die pen van dr. Rocha, kennis te neem. Verrassende nuwe interpretasies van bekende historiese feite wag op diegene wat hulleself die moeite troos om met Rocha se pennevrugte vertrouwd te raak.

Portugueses em África is besonder keurig uitgegee, bevat 'n deeglike register, is ryklik geïllustreer en is sonder twyfel 'n waardevolle stukkie Africana.

O.J.O. Ferreira
Universiteit van Pretoria